

Sing vooraf staande: Psalm 49:4 (p. 249)

- 1 Hy prent hom, dwaas in sy verdorwe sin, / 'n ewigheid van aardse dinge in:
sy hoë huis, dink hy, sal altyd staan, / sy naam, al wyd vermaard, sal nooit vergaan!
Dié hoop reik ver, maar wat, wat is dit tog? / 'n Skynsel eers en dan – 'n groot bedrog.
Die mens, hoe hoog in eer en mag verhewe, / vergaan soos vee en derf oplaas die lewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 138:1 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die godeⁱⁿ psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.

Gebed

- *Doksologie*
- *Aanbidding*
- *Skuldbelydenis*

Vergifnis

- *Dank*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens*

Amen.

Skrifberyming 5-4:1-3, 5, 6 (10:1-3, 5, 6)

- | | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Wie kan ons voor die regter daag?
Gods uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem
as God sy kind regverdig noem? | 2 | Dis Christus wat die skuld wou dra,
die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit
en altyddeur vir ons wil bid. |
| 3 | Wie sal ons, van die skuldstraf vry,
van Christus en sy liefde skei?
Verdrukking of vervolgingsnag?
Benoudheid wat ons hier nog wag? | 5 | Maar nee, ons sal oorwinnaars bly
deur Hom vir wie ons leef en ly.
Ja 'k weet gewis, geen lewe ^{of} dood,
geen eng'lemag, bo-menslik groot, |
| 6 | geen skepsel in die skepping wyd,
geen ding in tyd of ewigheid –
niks kan ons van Gods liefde skei
wat ewig-vas in Christus bly. | | |

Skriflesing: Genesis 3:1-19 en Romeine 5:14-21

Teks: Genesis 3:1-19 en Romeine 5:14-21; Kategismus Sondag 3

In die geskiedenis van die mens is daar vier persone aan die werk:

- God – die Skepper
- Duiwel – Versoeker
- Mens – Val in sonde
- Heilige Gees – Bewerker van wedergeboorte

'n Magtige daad geskied wanneer God in ons geskiedenis begin werk. God sê 'n woord en soos wat hierdie woord deur die lug ruis, kom daar dinge tot stand:

- Die hemel en die aarde
- Lig
- Die uitspansel
- Plante en diere
- Die mens

Die Here rond sy skepping af deur die mens te maak: Die mens is God se kroon oor sy skepping – eers een en later twee mense.

- Die Here skape hierdie hele skepping om Hom te verheerlik – nie net tydelik nie, maar vir ewig.
- Daarom word die hele skepping duursaam gemaak.

Die klem val op die mens.

- Hy word na die beeld van God geskape – volmaak en sonder enige sonde of verkeerdheid.
- Hy lewe in volkome harmonie en gemeenskap met God.
- Hy kry ook geestesgawes by God.
 - Hy besit kennis, geregtigheid en heiligheid.
 - Hy ken God persoonlik en tree ook in gesprek met God.

Volmaak toegerus vir sy taak, beveel God nou hierdie mens om die skepping te bestuur vir Hom (God). Hierdie mens kon met groot gemak naby aan God bly lewe het. Net die manier waarop hy tot stand kom, vertel dit al.

Toe die Here die diere gemaak het, het Hy net elke keer 'n woord gesê en al die diere was daar.

- Maar met die totstandkoming van die mens is dit anders. Die Here maak hom met groot sorg met sy eie vingers.
- Hy moet letterlik 'n koning wees in die skepping.
- Hy was so goed gemaak dat – as hy sy Skepper in groot liefde gehoorsaam – hy dan met God sou lewe in ewigheid!

Ons lees in Psalm 148:2, 11, 12, 13 wat die doel is van die hele skepping (onthou dat die engele ook deel is van die skepping!):

Loof Hom, al sy engele, loof Hom, al sy leërskare! (Psalm 148:2 AFR1953)

konings van die aarde en alle volke, vorste en alle regters van die aarde; jongelinge en ook jongedogters, oues saam met die jonges – laat hulle die Naam van die HERE loof!

Want sy Naam alleen is hoog; sy majesteit is oor aarde en hemel! (Psalm 148:11-13 AFR1953)

Intussen verskyn daar nog 'n persoon. Die duiwel.

- Hy het sy oorsprong in die hemel.
- God het nie die satan gemaak soos hy nou is nie. Die Here het hom gemaak as 'n goeie engel met 'n vername rang.
- Hy en al die engele onder hom kom in opstand teen God. Die Bybel leer ons nie presies wat daar gebeur het nie. Ons weet dit het iets met opstand te doen. Ons lees in Judas vers 6:
En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar; (Judas 1:6 AFR1953)

Ons vermoed verder dat die duiwel verwaand geword het en in sy verwaandheid kans gesien het om God se koninkryk van Hom af te neem, want ons lees in 1 Timoteus 3:6 waar Paulus die deugde van 'n ouderling beskryf, die volgende:

Hy moet nie 'n nuweling wees nie, sodat hy nie verwaand word en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie. (1 Timoteus 3:6 AFR1953)

Hier dui die Bybel sy sonde as verwaandheid aan.

Dat sekere engele saam met hom gesondig het, is baie seker, want Petrus skryf in 2 Petrus 2:4:

Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word; (2 Petrus 2:4 AFR1953)

So het dit gebeur dat die eerste sonde inderdaad in die hemel gepleeg is.

- Hierdie leier van die engelebende – wat van toe af duiwels was – het nie die skepping met rus gelaat nie.
- Hy was die openlik verklaarde vyand van God, en daarom het hy die skepping binnegesypel.

Dis logies,

- want hy was magteloos teen God en
- hy was bitterlik jaloers op die mens, want hy kon dit nie duld dat hy uit die hemel uitgedryf is, maar dat die mens steeds in die mooiste liefdesverhouding met God saamleef nie.
- Daarom breek hy God se werk af.

Hy wil die mens versoek en verlei om ook teen God te sondig.

- Hy wil die mens ongelukkig maak en hy wil hom verslaaf en verneder onder die ellendes.
- Hy het hom dus ten doel gestel om God se beeld in die mens te verwing!

Hierdie oortreding van die satan is ook baie ernstig, want in die raad van God staan dit opgeteken dat hy mense vermoor). Johannes 8:44:

Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan. (Johannes 8:44 AFR1953)

Hy vermoor die mense met leuens!

Daarom vind die verleiding wat in die Paradys gebeur het, op 'n sluwe manier plaas.

- Die duiwel kom verborge – in die liggaam van die slang.
 - Dit is die rigting waarvandaan die mens geen gevaar verwag nie.
 - Die bewys is dat Eva so onskuldig in die saak ingegaan het dat die hele bouse opset vir haar heeltemal verborge was, totdat dit te laat was.
- Eva word geteiken omdat die satan met sy aanslag haar dwing om buite haar terrein te gaan beweeg.
 - Eva tree dus op 'n gebied op waarvoor sy nie opgewasse is nie, en kom tot 'n val.
 - So val die mense saam.

Dit bring ons by die mens.

- Hulle val heeltemal in sonde.
- Hulle verbeur hulle lieflike verhouding met God.

- Adam sondig bewustelik saam met Eva. Hy staan sonder verskoning.

Maar waarom gaan dit nou hier? Dit gaan oor verantwoordelikheid.

- Verantwoordelikheid is juis gekoppel aan waaksaamheid.
- Dis presies die verhouding waarin ons vandag nog lewe. Ons het niks minder verantwoordelikheid as Adam nie, en ons moet presies dieselfde waaksaamheid as hy aan die dag lê, al lewe ons in en onder die sonde.
- Daardie bevel van God is nie opgehef nie!

Daarom wreek die sonde hom so op ons.

- Dis omdat ons nou moedswillig ongehoorsaam is teen God.
- En omdat ons willens en wetens 'n kneg van die satan geword het.
- En in sovele opsigte daadwerklik selfsugtig en ondankbaar teenoor God is.

Dis ook waar ons staan na hierdie Nagmaal.

Maar gelukkig is dit nie die laaste woorde wat van die mens se geskiedenis in God se Woord opgeskryf staan nie.

- God het 'n Seun. Die Bybel noem Hom die tweede Adam.
- Hy word by 'n vrou verwek deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees het 'n meisie in Palestina oorskadu. Haar naam was Maria, en sy het geboorte gegee aan hierdie kind van God.

Soos wat hierdie Seun grootgeword het, was die volle mag van die hel op Hom gekonsentreer.

- Die rede? Die satan het geweet dat hierdie Seun gebore is om Adam se foute te herstel en om dan mense uit sy mag uit te verlos.
- Daarom maak die duiwel dit sy taak om Jesus Christus se lewe te besaai met stryd en moeite en versoekinge.
- Hy probeer Hom selfs omkoop om hom te dien!

Dan vermoor Satan hierdie Seun van God deur die bemiddeling van mense.

- Daardie daad het vir die hel absolute noodlottige gevolge.
- Die Here Jesus Christus sterf en kom daarmee op die terrein van die satan – die dood.
- Hy verbreek die mag van die dood. Hy staan doodeenvoudig die derde dag op.

Omdat die Here Jesus regverdig was, en self ook God, het Hy hierdie lewe wat Hy verkry nie nodig nie. Hy skenk hierdie lewe aan ons.

Daarna kom God na ons toe terug in die persoon van die Heilige Gees. Ons lees daarvan in Handelige 2: Die Heilige Gees word op die kerk uitgestort.

- Omdat ons verlos is en ook nog omdat God die Heilige Gees in ons woon, kan ons nie soos Adam wegkruip as ons sonde gedoen het nie.
- Elke keer wanneer die sonde ons oorval, gaan ons op ons knieë.
 - Dan bid ons die woorde wat hierdie Heilige Gees in ons verstand lê.
 - Dan tel die Heilige Gees jou op, en wys jou die goeie pad vorentoe.
- God die Heilige Gees wys vir ons elke slag wat die duiwel vir ons grawe. Nou kan ons in die krag van God gelowiges wees.

En dit bring ons terug by die kwessie van ons verantwoordelikheid.

- Ons verantwoordelikheid moet ons dryf om nie net die sonde te bemeester en te oorheers nie, maar om dit selfs te kan aanwend tot eer van God.

- As ons met blydschap uit die sonde opstaan en volgende keer met koninklike waardigheid hierdie sonde nie weer toelaat om ons vas te vat nie, dan is dit tot eer van God. Dis wat van ons verwag word.

Die Kategismus gee 'n slegte getuigskrif van ons.

- Ons is goed geskape, maar ons het God verlaat!
- Nou is ons so sleg dat ons almal in sonde ontvang en gebore word. Dis feite.
- Maar daar word nog 'n feit gestel: Deur die werk van God die Heilige Gees kom hierdie slegte mense tot wedergeboorte.
 - Dan is hulle in staat om die goeie te doen.
 - Hulle is ook nie vir die hel bedoel nie.
 - Daarom is hulle weer kinders van God gemaak deur Jesus Christus.
 - So word die poorte van die hemel vir ons oopgemaak.

Moet tog net nie dink dat hierdie dinge ons nie raak nie. Die sonde is onder ons almal se velle.

Daarom moet ons die beloftes van God aangryp.

- Ons moet ons onderwerp aan die leiding van die Heilige Gees.
- Die beloftes is nie vir ander mense nie. Die Here het my en jou lief en Hy wil ons almal saam in sy ewige koninkryk hê!

Kom ons kyk saam na wat ons belydenis hiervan leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 3:

Vraag 6: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?

Antwoord: Nee, God het die mens goed (a) en na sy ewebeeld geskep (b). Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys (c).

(a) Gen 1:31. (b) Gen 1:26, 27. (c) Ef 4:24; Kol 3:10; 2 Kor 3:18.

Vraag 7: Waar kom hierdie verdorwe natuur van mens dan vandaan?

Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys (a). Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word (b).

(a) Gen 3; Rom 5:12, 18, 19. (b) Ps 51:7; Gen 5:3

Vraag 8: Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?

Antwoord: Ja (a), behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word (b).

(a) Gen 8:21; 6:5; Job 14:4; 15:14, 16, 35; Joh 3:6; Jes 53:6. (b) Joh 3:3, 5; 1 Kor 12:3; 2 Kor 3:5.

Amen.

Slotgebed

Slotsang: Skrifberyming 12-2:5 (27:5)

- 5 Ek geloof aan die gemeenskap / heilige verbintenis / van wie almal saam 'n eenheid, in hul Heer een liggaam is. Ek geloof die skuldvergewing, / weeropstanding van die vlees, en 'n lewe in ewige duurte, / as die dood nie meer sal wees.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 21 Februarie 2010